Date : January, 27 , 2010 Publication : Burger Die - Sake 24 Page Number : 14

Vriend en vyand sê sies! oor Maroga-eis

Weersin in vrot hoofde se mega-groetgeld groei

Jean-Marie de Waal, Kaapstad

Dis hoeveel hy wil hê. Mnr. Jacob Maroga, Eskom se oudhoof. Foto: SALOMÉ NOURSE

Die eis van R85 miljoen van mnr. Jacob Maroga, Eskom se oudhoof, teen dié instelling is besig om sommige politieke en ideologiese vyande te verenig in 'n stryd teen "gierige" hoofde van staatsinstellings.

Dit blyk dat die belastingbetalers die afgelope dekade al R262 miljoen moes opdok aan goue handdrukke vir hoofde van staatsinstellings wat nie die mas kon opkom nie.

Die ANC, Cosatu, die VF+, Solidariteit en die DA het almal gister gal gebraak oor Maroga se eis vir skadevergoeding teen Eskom as hy nie weer in sy pos aangestel word nie.

Mnr. Pieter van Dalen, 'n DA-LP, het uitgewerk as Maroga se eis toegestaan word, die totale uitbetalings aan hoofde sowat R347 miljoen sal beloop.

Dit is veral skokkend in die lig daarvan dat staatsinstellings die afgelope vier jaar sowat R243 miljard se staatshulp gekry het.

Die vakbond Solidariteit sê sowat R9 miljoen se Eskom-aandele wat vroeer aan Maroga toegeken is, sal later vanjaar en in 2011 aan hom oorgedra word.

Luidens 'n verklaring van Solidariteit het mnr. Enoch Godongwana, die adjunkminister van openbare ondernemings, gister bevestig dat 'n vergadering met belanghebbendes oor staatsinstellings in Maart sal plaasvind.

Die kabinet het dit in Desember as 'n voorkeursaak geïdentifiseer.

Me. Vytjie Mentor, omstrede voorsitter van die portefeuljekomitee oor openbare ondernemings, het ook beswaar gemaak teen goue handdrukke.

Eskom verskyn Donderdag voor die komitee om onder meer te verduidelik wat die huidige gehalte van die steenkool is wat tans vir elektrisiteitsopwekking by kragstasies beskikbaar is.

Swak gehalte steenkool was een van die grootste redes vir die elektrisiteitskrisis in Januarie 2008.

Sake24 het verlede jaar geskryf hoe waarskuwings dat die swak gehalte van steenkool by Eskom tot elektrisiteitsonderbrekings kan lei, deur Maroga geïgnoreer is.

Mentor sal Donderdag nie doekies omdraai wanneer sy na verwagting ook die kwessie van vergoeding en goue handdrukke met die direksie van Eskom bespreek nie.

Cosatu se provinsiale hoof, mnr. Tony Ehrenreich, meen Maroga moet eintlik in hegtenis geneem word weens die skade wat hy die land aangerig het.

"Die regering moet begin wegbeweeg van die mark se buitensporighede. Net omdat vergoeding markverwant is, beteken dit nie goeie korporatiewe bestuur nie. Onthou, die gierigheid van private maatskappye het vir die finansiële instorting gesorg."

Onder 'n wolk weg: 'n Dekade van goue handdrukke

- Mnr. Khaya Ngqula, afgedankte SAL-baas: R8 miljoen (2009)
- Mnr. André Viljoen, SAL-baas (2004): R3,6 miljoen
- Mnr. Coleman Andrews, SAL-baas (2001): R232 miljoen
- Mnr. Dali Mpofu, SAUK-baas (2009): R11 miljoen
- Mnr. Victor Moche, afgedankte Denel-baas (2005): R3 miljoen
- Mnr. Alan Mukoki, gewese Landbank-hoof (2007): R4,5 miljoen

– Bron: DA